sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING A LETTERKUNDE

## DRAMA

## VRAAG 1 *Die dag is bros* deur Wessel Pretorius

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

**Eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as die kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

**Inleiding:**

Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Wessel Pretorius se drama* Die dag is bros *[onderstreep in handgeskrewe teks] (2017) …*

**Formuleer betoog**… is dit Tertius se teenwoordigheid as tritagonis wat 'n sleutelrol in die drama speel/of nie. Tertius verleen 'n ander dimensie aan die drama. Hy weerhou Elsa daarvan om Brian te skiet in die klimakstoneel deur haar te kalmeer. Tog is Tertius se konstante teenwoordigheid in Elsa se kop *(terugblikke in die verlede)* die rede dat Elsa nie kon voortgaan met haar lewe nie en in ontkenning bly leef het. *Elsa se ontkenning maak die hede kompleks.*

Tertius rig die gehoor op die tekstualiteit van hoe ons met die verlede/trauma omgaan.*Tertius se kwessies in sy kinderjare skep ook tekstualiteit*. Tertius skep met sy teenwoordigheid 'n parallel tussen Brian se grootwordjare en sy eie wat liefdevol en bevoorreg was teenoor Brian se omstandighede van armoede, misbruik en geweld. **Elsa en Tertius se gesprekke skep vir die gehoor/leser konteks** waarom Elsa vir Brian 'n driegangmaaltyd voorberei vir sy agtiende verjaardag alhoewel hy 'n jaar gelede glad nie deel van haar lewe was nie. Die gehoor sal dit moeilik vind om die agtergrond van die protagonis (Elsa) en antagonis (Brian) se verhouding te verstaan, soos dit uitgespeel word op die verhoog, indien Tertius nie as tritagonis geskep is nie.

In die toneel waar Brian erken dat hy deel was van die bende wat Tertius en Karien vermoor het, word Brian onmiddellik die oorsaak van haar lyding. Sy optrede het bygedra tot Elsa se smart en lyding waarvan sy nog steeds nie haarself kan verlos nie. Haar enigste kind, rondom wie haar lewe gewentel het, is deur die toedoen van Brian en sy medepligtiges vir ewig van haar ontneem. Dit is ook op die wreedste manier moontlik gedoen wat moord én die verkragting van Tertius se vriendin, Karien, insluit. Elsa wil Tertius se dood vergeld deur Brian te skiet. Brian versoek ook Elsa om hom te skiet, maar deur Tertius wat tussenbeide tree, en sy arms om Elsa plaas, gaan sy nie tot die daad oor nie. Hier verteenwoordig Tertius ook die alternatief vir die stereotipiese idee van 'n man wat altyd geweld as oplossing gebruik. Elsa jaag Brian weg en Elsa aanvaar uiteindelik Tertius se dood. Hy dien as **morele kompas** vir Elsa om nie 'n moord te pleeg nie. *Hier gaan dit nie oor reg of verkeerd nie, maar watter algemene morele beginsel aanvaarbaar is.*

Tog was dit Elsa (protagonis) wat Brian (antagonis) wegjaag nadat sy die waarheid aangehoor het. Deur hom weg te jaag, gee Elsa Brian nie die vergelding wat hy voor vra nie, maar hy kry ook nie die vergifnis wat hy graag wou hê nie. Dit veroorsaak dat die plot 'n interessante wending neem en dat Brian nóg die vergelding nóg die vergifnis kry waarna hy gesmag het. Daarom is daar 'n kinkel in die wending wat onverwags is vir die gehoor/leser. Tertius se rol in hierdie wending is egter nie substantief nie. Elsa neem die besluit en *Tertius word verlos.*

**Slot:**

Tertius, as tritagonis, gee met die agtergrondinligting wat hy verskaf meer kennis en diepte aan die drama. Hy verbreed en verduidelik die impak van die titel. Hy ondersteun Elsa in die tweede klimaks-toneel om nie die sneller te trek nie, en daarom kan hy gesien word as 'n morele kompas vir Elsa. Elsa neem nie wraak toe sy uitvind Brian was medepligtige in Tertius se dood nie alhoewel Tertius nie 'n aandeel het aan hierdie besluit nie, en dit skep 'n onverwagte verandering in die plot van die drama. Daarom speel Tertius in alle opsigte 'n sleutelrol in die uitspeel van die verwerking van trauma in *Die dag is bros*. Daar is verskeie onverwagte wendings soos: *sy laat Brian gaan, Brian bieg op sy verjaardag, Elsa gee Brian morele vergifnis.*

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 2 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. In die roman *Een of ander held* *[onderstreep in handgeskrewe teks]* deur Zirk van den Berg …

**Formuleer onderwerp:** … is Siegfried Bock se ongerekendheid aan die begin van die roman die eienskap wat hom die beste beskryf. Tog het Siegfried Bock duidelik met die ontwikkeling van die intrige in die roman sy anonimiteit verloor en welbekend geword onder die koloniale gemeenskap in Duits Suidwes-Afrika. Nietemin behou hy tot aan die einde van die roman die eienskappe wat hom 'n karakter maak wat met integriteit leef en respek vir ander karakters toon. *Ervaar en aanvaar word geïmpliseer.*

**Paragrawe:**

Siegfried word van die begin af as 'n klein, maer mannetjie beskryf wat vir ander pateties voorkom. Hy het as gevolg van verskeie ervarings in sy lewe met baie vertwyfelings in hom geworstel. Dit het hom laat voorkom as 'n karakter wat baie onseker is van homself. Siegfried het baie vroeg in sy lewe sy ma verloor en is grotendeels deur 'n oppasser grootgemaak. Sy pa het nooit probeer om hom selfvertroue te gee nie en Siegfried het steeds as volwassene sy pa se goedkeuring probeer verkry. Daarom het hy met die hofsaak in Windhoek, waar hy opgetree het as die staat se hoofgetuie, vir sy pa 'n kopie gestuur van die plaaslike koerant. In die beriggewing oor die hofsaak word Siegfried se naam pertinent genoem en Siegfried het gehoop dit sal sy pa trots maak op hom, sy seun, en ook sy status in die oë van ander Duitsers verander. Gerd Dehlinger het Siegfried as 'n intense verleentheid beleef. Toe Gerd besef Siegfried is verlief op sy beeldskone dogter, Traudl, het hy doelbewus sy kontakte in die weermag gebruik om Siegfried Duits Suidwes-Afrika toe te verplaas.

Deur die hele roman toon Siegfried waardering en respek vir ander mense. Hy respekteer mense vir wie en wat hulle is – ongeag hulle ras, geslag of etnisiteit. Hy bring Mesuvere na Hochnamib se polisiestasie toe en laat haar daar bly as sy gas. Sy eet saam met hulle en word as 'n gelyke behandel. Hy sien almal as volwaardige individue – hy wuifgroet vir 'n werker*(Nonnie)* wat vensters was wanneer hy en Traugott van Dudeck se plaas af wegry. As polisieman tree hy nie ongenadig teenoor mense op nie. Hy stop nie vir Kahifjene in die tronk nadat hy en Traugott hom met gesteelde vee vang nie. Hy kan hom in sy posisie indink (hy het al sy beeste verloor nadat die Duitsers alles gevat het).

IEB Copyright © 2024 

Integriteit is ook 'n belangrike karaktereienskap van Siegfried. Nadat hy geld geërf het, van Hans Stempsky, het hy die geld weggegee en slegs 'n gedeelte gehou. Dit blyk later in die roman dat hy die geld gehou het om onder andere vir Lisbeth Kamke 'n paar velskoene te laat maak. Dit is weereens 'n bewys dat hy onbaatsugtig is en altyd eerbaar wil optree – 'n duidelike bewys van sy integriteit. Siegfried het ook geglo hy tree met integriteit op toe hy getuig het in die hofsaak oor Hans Stempsky se moord, maar advokaat Von Jawlensky het met sy briljante argumentering Siegfried laat lyk asof hyself 'n motief gehad het om Stempsky te vermoor. Dit het sy selfvertroue en mense se siening van hom 'n groot knou toegedien. Sý integriteit word as gevolg van die hofsaak nou ook in twyfel getrek.

Tog groei Siegfried duidelik as mens, hy kry meer selfvertroue en besef dat regverdigheid en integriteit 'n mens meer tevrede laat; maak nie saak wat ander daarvan dink nie. Die leser besef dat hy self sy groei waarneem. Hy sê vir Dehlinger dankie dat hy hom na hierdie dorre land toe gestuur het. Dit is 'n onbaatsugtige bedanking, want Dehlinger wou alles behalwe goed daarmee doen. Siegfried beleef sy grootste oomblik van groei as hy sonder vrees na Jager Orlam loop terwyl Jager op hom skiet. Nadat Jager oorgegee het en Moritz Berghammer besef hy was verkeerd oor Siegfried en ook besef hy skuld hom 'n verskoning, neem Siegfried nie Moritz se hand wat hy na hom uitsteek nie. Hy besef dit is die oomblik waar hy 'n oorwinning behaal het teenoor dié wat hom teengestaan het. Tog besef hy die triomf is hol en sal altyd verstrengel wees in teenstrydighede. Mense kan maar dink wat hulle wil **van** hom solank hy net homself aanvaar, en mense kan maar dink wat hulle wil **oor** hom solank hy net glo in sy eie oortuigings.

**Slot:**

Daarom is die eienskap van anonimiteit nie meer 'n probleem vir hom nie. Sy aanvanklike anonimiteit en die suspisie oor hom wat as gevolg van die hofsaak ontstaan het, is alles eksterne faktore wat hom gedwing het om introspeksie te hou, en homself te aanvaar vir wie hy is. Hy het nie verander nie, maar sy perspektief oor homself het verander. *Leerder se eie stem moet in die slot gehoor word.*

**OF**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 3 *Een of ander held* deur Zirk van den Berg

**LW: Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. In die roman *Een of ander held* [*onderstreep in handgeskrewe teks*] deur Zirk van den Berg …

**Formuleer onderwerp:** … is daar onmenslik opgetree deur Duitsland en ook die plaaslike bevolking om hulle mag te behou. Onmenslike optrede deur sekere groepe en karakters soos Jager Orlam het gelei daartoe dat sekere karakters besluite moes neem wat hulle in staat gestel het om te oorleef al was dit teenstrydig met sekere van hulle lewensbeskouings.

**Paragrawe:**

- Verskillende aspekte word bespreek.

- Elke paragraaf hanteer 'n aspek/raakpunt – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.

- **Onmenslike optrede** deur Duitsland en ook die plaaslke bevolking vind plaas om hulle mag te behou. Duitsland wil die mag oorneem in Duits Suidwes-Afrika. Dit is 'n kwessie van magsug. Hulle aansien in Europa sal verhoog as hulle beheer kan oorneem van Duits Suidwes-Afrika. Jager noem dit ook dat hy nie altyd seker is waarom hierdie Duitse soldate aanhou baklei nie. Hulle is duisende kilometers van hulle vaderland, hulle vaderland word nie bedreig deur die plaaslike bevolking nie – hulle veg vir 'n stuk dorre land waarop jy 'n sukkelbestaan voer. Tog is dit duidelik dat hulle nie eens oorweeg om op te hou nie; hulle trots verhoed hulle. Mag en aansien is net te belangrik in hierdie koloniale stryd vir nog grondgebied. Die plaaslike bevolking, aan die ander kant, veg vir hulle huise en lewens, in hulle eie land, op plekke wat hulle mense al geslagte lank ken (bl. 8). Daarom is die plaaslike bevolking ook bereid om onmenslik op te tree om te behou wat hulle al geslagte lank besit. 'n Voorbeeld hiervan is dat hulle ook onmenslik opgetree het deur wit vrouens te verkrag. Hulle weet as hulle hierdie oorlog verloor, gaan hulle verkneg word in hulle eie vaderland. Daarom glo hulle enige optrede is geregverdig, want hulle was nie die aanhitsers nie. *Fokus is hier op die Duitse magte.*

- **Oorlewing** is vir sekere karakters die enigste uitweg; die dood is nie 'n oorweging nie. **Mesuvere Feinauer** se stam, die Herero's, is amper heeltemal uitgewis. Dié wat oorleef het, het die woestyn in gevlug. In die woestyn besef Mesuvere dat sy hier gaan sterf en stap, met niks, die woestyn uit. Mesuvere trou met Heinz Feinauer, 'n Duitser, maar sy word nie deur die Duitse gemeenskap aanvaar nie en ook nie deur die Herero-bevolking nie. Sy dra ook Westerse klere. Tog is Mesuvere 'n trotse vrou wat nie terugstaan vir enige persoon wat op haar neerkyk nie. Haar krag en empatie met haar medemens kom ook sterk na vore as sy en Gerd Dehlinger gesels om die ontbyttafel en hy haar van sy dogter se selfmoord vertel. Mesuvere het die lewe gekies en daarom koester sy nie wrokke teen mense wat haar benadeel nie.

**Lisbeth Kamke** het ook besluit om te oorleef en dat dit nie in Duitsland gaan gebeur nie. Daarom kom sy na Duits Suidwes-Afrika om nie 'n arm Jodin te bly nie. In Duits Suidwes-Afrika voel sy vir die eerste keer sy word as 'n "wit" persoon beskou. Lisbeth is 'n Jood en het reeds in 1905 besef dat daar in Duitsland op Jode neergekyk is. Lisbeth oorleef die geharde lewe in Duits Suidwes-Afrika deur almal gelyk en regverdig te behandel ongeag ras of afkoms. Sy het deur die noodlot 'n grondbesitter geword en so oorleef in 'n geharde land met geen genade vir swakkelinge nie.

- **Jager Orlam** het sy medemenslikheid verloor om te oorleef, maar hy het dit gedoen omdat hy geglo het in die saak waarvoor hy geveg het; menslikheid wen nie 'n oorlog nie. Jager het (nadat die Swartboois oorgegee het) aangesluit by die Witboois onder die leierskap van Hendrik Witbooi. Nadat die Witboois oorgegee het, het hy heldhaftig voortgeveg. Jager se mikpunt was om Siegfried Bock dood te maak omdat hy (volgens hom) hulle by Chaibis verraai het. Jager het met die eerbare oortuigings van 'n soldaat aanhou veg. Maar hy het stelselmatig wreder begin optree teenoor onskuldige mense wat oor sy pad gekom het. Hy het Mordegai Guruseb so ernstig aangerand dat hy aan sy wonde beswyk het. Hy het ook Henz Feinauer vasgebind en agtergelaat wat tot sy dood gelei het. Feinauer en Mordegai was onskuldige slagoffers in Jager se doelwit om Siegfried Bock te laat boet. Jager het eerbaar begin, maar het sy visie verloor en onmenslik begin optree om sy obsessie te voed en het die groter, regverdige doelwit uiteindelik uit die oog verloor. *Traugott kan ook hier as karakter gebruik word.*

**Slot:**

Om met menslikheid behandel te word, is enige mens se reg. Menslikheid staan egter gewoonlik in die pad van mag. Mag neem nie menslikheid in ag nie, want dit is 'n hindernis in die pad van totale oorheersing. So het die Duitsers en Namas menslikheid geïgnoreer om mag te verkry (Duitsers) en mag te behou (Namas). So ook het sekere karakters soos Jager Orlam sy talent as uitstekende soldaat gebruik om sy doel te bereik en Siegfried Bock te laat boet vir sy optrede by Chaibis. Maar in die proses het Jager sy medemenslikheid verloor. Die karakters wat die onmenslikheid werklik oorwin het, was Mesuvere en Lisbeth. Hulle het menslikheid gebruik om onmenslikheid te beveg, en so beheer oor hulle lewens geneem alhoewel hulle nog steeds slagoffers van die sisteem was. *Ander karakters kan ook genoem word.*

**OF**

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 4 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. In die roman *Toekomsmens* *[onderstreep in handgeskrewe teks]* deur Isa Konrad …

**Formuleer onderwerp: …** het Kel De Jong aan die begin van die roman die Nuwe Orde met absolute oorgawe ondersteun. Die Nuwe Orde se reëls en regulasies was die enigste wat gegeld het. Gedurende Kel se tydsreise in die verlede en sy ontmoeting met Agnes Baumer het hy 'n stadige proses van ontnugtering beleef en nuwe gewaarwordinge ervaar. Die leiers van die Nuwe Orde het Kel se veranderde ingesteldheid begin waarneem en het nie sy nuwe persepsies aanvaar nie – soveel so dat hy uiteindelik die besluit moes neem om landuit te vlug. Sy veranderde persepsies het hom 'n gevaar vir die Nuwe Orde-regering gemaak.

**Paragrawe:**

Kel het alreeds aan die begin van die roman (tydens sy gesprek met Kolonel Verster) besef dat kinders alreeds vanaf die 2030's onder die heerskappy van die Nuwe Orde begin verdwyn het. Kolonel Verster het hierdie verdwyning aan die Raad gerapporteer, maar hulle het die verskoning gebruik dat daar nie geld was om 'n volskaalse ondersoek te loods nie. Kolonel Verster het die saad van vertwyfeling by Kel geplant. *Kontak met Agnes en die verdwyning van die kinders het sy vertwyfeling gevoed*. Kolonel Verster glo dat die verskyning van die kind op die N1 en die aanval op Musanda nie toevallig was nie. Kollega Busuko het hierdie mening met Verster gedeel. **Hierdie twee karakters, vir wie Kel vertrou het, het veroorsaak dat hy nie die Nuwe Orde se gesag sonder twyfel meer kon aanvaar nie.**

Kel se twyfel oor die Nuwe Orde word al hoe sterker. Tydens Kel se eerste ontmoeting met Agnes in die trein is sy ondervra deur twee polisiemanne wat die Nazi-regering verteenwoordig. Agnes aanvaar duidelik nie die Nazi's se gesag nie. Hierdie ontmoeting laat Kel al hoe meer twyfel oor sy aanvaarding van die Nuwe Orde se gesag. Hy begin besef dat jy wel die reg het om sekere gesagstrukture te bevraagteken. Jy kan (en moet) gesagsstrukture bevraagteken en nie lukraak glo wat hulle vir jou voorhou nie. Agnes het nooit die gesag van die Nazi's aanvaar nie, en dit het Kel laat twyfel aan sy eie geloof in die Nuwe Orde. Kel se ervaring van Agnes se weerstand teen die Nazi's het hom al hoe meer laat besef die Nuwe Orde is nie wat hulle voorgee hulle is nie. Hy en sy volksgenote word beheer deur die Raad. Die iCitizen-horlosie beheer Kel as mens. Die Raad kan elke beweging van hom elke sekonde van die dag dophou.

IEB Copyright © 2024

Kel begin vir die eerste keer in sy lewe **vryheid** ervaar met sy ekskursies na Agnes se wêreld. Sy kontak met haar en die weerstand wat sy bied teen die Nazi's met haar spioenasiewerk laat hom al hoe meer die Nuwe Orde bevraagteken en hy **aanvaar** nie meer alles wat aan hom oorgedra word of wat van hom verwag word nie. Met Thandiwe Busuko se begrafnis besef Kel dat regter Cokisa Maya, sy lewensvennoot, 'n gevangene van die regering is. Die Voorsitter se verwysing na "ongewenste elemente" laat Kel Artikel 125(b) opsoek. Hy besef sy suster word deur die Nuwe Orde as 'n ongewenste element beskou. Sy is 'n verledemens. Hulle is volksgenote met chroniese simptome van "teenswoordige ontheemding" wat nie **aanvaarbaar** is volgens die Nuwe Orde nie. Hierdie inligting laat Kel besef dat Adri nie aanvaarbaar is in die Nuwe Orde se planne nie. Sy aanvaar volgens hulle nie die "nuwe orde" nie. Daarom is Adri nie meer veilig onder die regering van die Nuwe Orde nie.

Met Direktrise Smith se erkenning dat Agnes die adres en wagwoord vir haar oupa gegee het, het die hele verhaal ontvou rondom hoe die prototipe gebou is en waar alles begin het. Hy het eers tóé besef Agnes is verraai en dit het die hele speletjie vir hom verander. Die persoon vir wie hy die eerste keer emosie beleef het, is verraai en tereggestel. Kel het ook besef Ingrid het Agnes geaktiveer. Deur sy toedoen is Agnes in die masjien vasgevang. Toe Kel, Heimlich se vraag, in Weskoppies, beantwoord dat hy Agnes nie in 'n masjien wou vasvang nie, was dit die oomblik van ontnugtering vir Kel. Kel **aanvaar** nie meer die Nuwe Orde as regeringsstelsel nie. *Kel het met sy afdanking besef hy is vervangbaar. Ook het Jaap Spina hom gemonitor. Hy besef ook hy het totale beheer oor Ingrid verloor.*

**Slot:**

Kel lig Cokisa in dat die Nuwe Orde self die aanval op Musanda beplan het. Dit is die oomblik van waarheid vir hom. Hy moet op die vlug slaan met Adri en die prototipe in die koffer. Namibië was hulle enigste opsie. Namibië is ook Agnes se geboorteland en sy het moontlik nog familie daar. Hulle vind vir Maria Baumer, familielid van Agnes, en sy is bereid om hulle in te neem. Kel besef onmiddellik met hulle ontmoeting dat Agnes en Maria familie is. Daar is duidelike ooreenkomste in hulle gelaatstrekke. Agnes besef dat sy deur Sami 'n nageslag het. Kel besef met sy aankoms in Namibië dat hy 37 jaar lank 'n wanbegrip van die waarheid gehad het. Die Nuwe Orde het hom geïndoktrineer met wanpersepsies en sy besluit om te vlug na Namibië is nie 'n lafhartige daad nie. Hy kom tot die besef dat die Nuwe Orde 'n algoritme is en die Voorsitter 'n avatar. Die mensdom word beheer deur 'n rekenaarprogram wat die mens se bestaan in 'n oogwink kan vernietig, en die mens is van alle mag ontneem om vryheid te beleef. Hy moet verantwoordelikheid neem vir sy eie vryheid en bes moontlik die van die mensdom self. *Moontlike spekulasie dat Kel sal moet teruggaan en Adri wat in Namibië gaan bly.*

**OF**

## VRAAG 5 *Toekomsmens* deur Isa Konrad

***LW:*** **Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

**Titel:**

Eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

**Inleiding:**

Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. In die roman *Toekomsmens* *[onderstreep in handgeskrewe teks]* deur Isa Konrad …

**Formuleer onderwerp:** … is mag en menslikheid pertinente temas in die uitspeel van die roman. Mag bepaal wie die reg het om te leef en wie die reg het om mag te bekom in die samelewing deur middel van die GenX- en Lebensbornprojek onderskeidelik. Agnes en Kel was karakters wat teen hierdie sisteem in opstand gekom het. In-Grid was egter die meta wat mag in haar eie hande geneem het om menslikheid te laat seëvier, maar uiteindelik met skrikwekkende gevolge.

Paragrawe:

**Die GenX- en Lebensbornprojek*(indoktrinasie*)** het menslikheid geïgnoreer om mag te bekom. Hierdie mag het die manipulering van die mensdom se genetika behels, en wie voldoen aan die vereistes en wie nie. Die wat nie binne die raamwerk van hierdie twee programme geval het nie, is geëlimineer. Anja Groenewald het vyf seuns gebaar vir die heerserras, maar toe die sesde kind met gebreke gebore is, was sy nie meer diensbaar vir die heerserras nie. Heim Kurmark het net volmaakte resultate aanvaar. Die kinders met ongewenste resultate is na die Waldegg-kliniek geneem waar sonderbehandlung op hulle toegepas is. Die GenX-projek het ook genetiese modifikasie op kinders toegepas. Die Nuwe Republiek wou 'n nuwe ras skep, en 'n publieke uitwissing van ongewenste elemente is beplan. Sodoende kan die nuwe ras absoluut suiwer en beheerbaar wees. *Hoe die kind wat op die N1 gevind is sterker en slimmer was as die ander kinders van sy ouderdom en hy het geglo sy naam is 203.*

**Kel en Agnes** het onderskeidelik teen die GenX- en Lebensbornprojek in opstand gekom. Agnes het na Duitsland gegaan om haar man van haar broer te red. Sy het spioenasie-opleiding in Brittanje ontvang en het later dokumente uit Heim Kurmark na die Britte (met die hulp van die Brechts) gesmokkel. Kel was aan die begin van die roman 'n absolute ondersteuner van die Nuwe Orde. Hy was 'n volksgenoot van die sesde rang. Hy het ook 'n mate van mag gehad, maar soos die plot ontplooi en ontwikkel, begin Kel sy geloof in die Nuwe Orde in twyfel trek. Toe Kel vir Cokisa sê dat Thandiwe vermoor is en dat die aanval op Musanda deur die regering self uitgevoer is, het hy ook bewus geword van die GenX-program. Al hierdie inligting het hom ontnugterd gelaat. Sy tydreise na Agnes het hom ook die insig gegee oor hoe 'n outokratiese, magsbehepte regeringstelsel wat totale beheer oor die bevolking het, onmenslike misdade begin pleeg het in die naam van totale oorheersing om 'n suiwer ras te skep. Kel besef aan die einde dat die Voorsitter 'n avatar is en die Nuwe Orde 'n algoritme.

IEB Copyright © 2024 

**In-Grid** is ontwikkel uit die prototipe wat Agnes uit Duitsland laat smokkel het. Sy het dit aan Bruno Heimlich gegee wat haar nagwag in die tronk was. Sy kleinseun het uiteindelik die inligting gebruik om 'n masjien by die Universiteit van Stellenbosch te ontwikkel. Kel as programmeerder het In-Grid ontwikkel. Sy het as meta so ver gevorderd geraak dat sy oor Kel se programmering geskryf het voordat sy Gold Reef City se hoofraam oorgeneem het om 'n ontsnapping uit die fasiliteit te bewerkstellig. In-Grid het geweet die regering gaan haar van kant maak en daarom het sy in die Donker Web in gegaan. Sy het beheer oorgeneem van alle kunsmatige intelligensie in die Republiek om te verhoed dat hulle die land vernietig. In-Grid het deur haar optrede die mensdom van die Nuwe Orde gered, en alhoewel sy kunsmatige intelligensie is, het sy menslikheid getoon. Nietemin het sy teen die slot die mag by die Nuwe Orde oorgeneem, want in haar toespraak, nadat sy die mag oorgeneem het, verklaar sy dat die mens sy eie grootste vyand is en sy (In-Grid) sal die mens beskerm teen enige verdere selfskade. Sy sal probleme wat vir die mens onoorkombaar is, uit die weg ruim. *Dit kan ook verkeerd loop.*

**Slot:**

Menslikheid seëvier uiteindelik en 'n magsbehepte regering word ontmasker as kunsmatige intelligensie en word vernietig. Kel sê self dat die menslike natuur nie aan bande gelê kan word nie. Dit is nie aanvegbaar nie; dit is 'n feit. Uiteindelik beleef Kel menslikheid en liefde saam met Agnes, al is sy die wese wat sy nou is. Agnes is sy liefde en sy lot. Die groot vraag waarmee die roman mens egter laat, is hoe hulle nou In-Grid gaan keer om haar mag oor die mensdom te gebruik om ons feilbare menslikheid vir ewig uit te wis.

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 6 NASIENRIGLYNE BY DIE SKRYF VAN 'N BLOG

**Inhoud en formaat:**

1. Dit word min of meer soos 'n artikel hanteer deurdat die onderwerp *besinnend* geskryf word.

2. Dit is belangrik dat elke persoon wat hulle hand aan 'n blog waag, sal besef dat die hele wêreld sal kan sien wat hulle geskryf het. Maak dus seker jou taalgebruik is oortuigend en korrek.

3. Dit is dus 'n skrywe wat inligting oordra oor 'n sekere onderwerp en wat die skrywer se opinie en insig deurgee – in hierdie geval diversiteit by skole.

4. Daar moet 'n opskrif wees. Dit moet aandag trek.

5. Die styl moet persoonlik wees en direk tot die leser spreek.

6. Die toon moet pas by dit wat die blog wil weergee – hier is dit ernstig en besinnend.

7. Dit is gewoonlik inleidend van aard oor 'n onderwerp waaroor mense wat jou blog lees, hulle opinies kan lewer. Hierdie is 'n inleidende blog oor diversiteit.

8. Die slot gee 'n samevatting van die inhoud, naamlik die belangrikheid van diversiteit in skole; bv. hoe skole hul beleide kan aanpas om diversiteit werklik toe te pas.

**EN**

IEB Copyright © 2024

**BEANTWOORD VRAAG 7 OF 8**

**VRAAG 7 Nasienriglyne by die instelling van 'n heildronk(verjaardag)**

**Inhoud:**

1. Die heildronk moet 100% 'n viering wees van die persoon wat verjaar, noem sy/haar naam en sê dit is hoekom almal hier is.

2. Die verjaardagboodskap moet persoonlik wees.

   - Spreek die persoon aan wat verjaar.
   - Noem sekere positiewe persoonlikheidseienskappe.

3. Vermy onsmaaklike grappies, gebeurtenisse, en moet geensins beledigend wees nie. (Hou ingedagte wie jy aanspreek. Is dit 'n vriend of 'n kollega?)

4. Dit moet gepas wees vir die ontvanger.

*5.* Maak seker jy ken die persoon se persoonlikheid. *Noem* *ŉ paar persoonlikheidseienskappe.*

6. Dit is belangrik dat die heildronk reflekteer hoe jy oor die persoon voel:

   - Jy moet dit duidelik maak aan die gehoor dat die persoon vir jou spesiaal is.

7. Formaat: dit neem die vorm aan van 'n toespraak.

8. Toon: innemend, met goeie vriende tog 'n bietjie emosioneel.

9. Register: informeel, gemaklik.

**OF**

**VRAAG 8 Nasienriglyne by die bekendstelling van 'n spreker**

**Inhoud:**

*1.* Spreker moet voorgestel word, dit bepaal hoe die spreker se toespraak ontvang word. Groet die gehoor en stel jouself voor en noem die posisie wat jy beklee. *Onthou dit is 'n toespraak.*

2. Gebruik die volgende punte:
   - Vergewis jouself van die persoon se titel, bv. doktor.
   - Navorsing oor die persoon se agtergrond, kwalifikasies en ervaring vorm deel van so 'n bekendstelling.
   - Dit dui aan dat die persoon ervare en gekwalifiseerd is om oor die onderwerp te praat. Dit laat die gehoor met ontsag na hom/haar luister.

3. Wat is die titel en die hooftema van die praatjie?

4. Die register, styl en toon moet formeel wees.

5. Jou bekendstelling moet ongeveer 250 woorde wees.

**Totaal: 100 punte**

## DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

## INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

| Vlak | Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band | % EN PUNT |
|---|---|---|
| 7+ | JA! ALMAL MOET DIT LEES! 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. FANTASTIES!/UITSTAANDE! | 90–100%<br>18–20 |
| | *Inleiding: skep grootse verwagtinge + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½*<br>*Gevolgtrekking: stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½* | Bv. 18 + ½ + 0 + ½ |
| 7 | JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU! Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. WAARDIG/BAIE GOED | 80–89%<br>16–17½ |
| | *Inleiding: skep afwagting + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: baie interessant en goed geïntegreer + ½*<br>*Gevolgtrekking: toon dieper insig + ½* | |
| 6 | JA! EK STEM SAAM! Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. VERDIENSTELIK/GOED | 70–79%<br>14–15½ |
| | *Inleiding: skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½*<br>*Gevolgtrekking: stem tot nadenke + ½* | |
| 5 | JA. Onderwerp begryp. Sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van werk. GEWOON/TOON SUBSTANSIE | 60–69%<br>12–13½ |
| | *Inleiding: kandidaat neem standpunt in + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: ondersteun standpunt + ½*<br>*Gevolgtrekking: noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½* | |
| 4 | JA ... WAT. Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. GANGBAAR | 50–59%<br>10–11½ |
| | *Inleiding: vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: raakpunte met standpunt aanwesig + ½*<br>*Gevolgtrekking: gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½* | |
| 3 | MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE... Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. ONDERGEMIDDELD | 40–49%<br>8–9½ |
| | *Inleiding: verwys wel na vraag + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: aanwesig + ½*<br>*Gevolgtrekking: hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½* | |
| 2 | TELEURSTELLEND Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. ELEMENTÊR | 30–39%<br>6–7½ |
| | *Inleiding: vraagwoorde genoem + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½*<br>*Gevolgtrekking: daar is 'n waarneembare einde + ½* | |
| 1 | NEE! Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. ONGESLAAGD | 15–29%<br>3½–5½ |
| | *Inleiding: waarneembaar + ½*<br>*Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar + ½*<br>*Gevolgtrekking: waarneembaar + ½* | |

IEB Copyright © 2024

**DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10**

| **TEGNIESE AKKURAATHEID** / **STYL en STRUKTUUR:** ***ARGUMENTEREND*** | **7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos. | **6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkingsvolle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies. | 5 Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Taalfoute. | **4** Sinskonstruksie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute nogal steurend. | **3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla. | **2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereiste is geïgnoreer. Taalfoute begin betekenis beïnvloed. | 1 Geheel en al onsinnig. Onverstaanbaar. Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer. Verwronge idioom. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A+** Argumenterende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed. | 10 | 9½ | 9 | | | | |
| **A** Argumenterende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed. | 9 | 8½ | 8 | 7½ | | | |
| **B** Argumenterende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed. | 8 | 7½ | 7 | 6½ | | | |
| **C** Argumenterend, maar nie volgehou nie. Register gepas, maar nie deurgaans volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms. | 7 | 6½ | 6 | 5½ | 5 | | |
| **D** Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd. | | 5½ | 5 | 4½ | 4 | 3½ | |
| **E** Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik. | | 4½ | 4 | 3½ | 3 | 2½ | 2 |
| **F** Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig. | | | 3 | 2½ | 2 | 1½ | 1 |
| **G** Swak; deurmekaar; onleesbaar. Register totaal onvanpas. Geen struktuur of samehang te bespeur nie. | | | 2 | 1½ | 1 | ½ | 0 |

**ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10**

| **TEGNIESE AKKURAATHEID** / **STYL en STRUKTUUR:** ***Literêr/beredenerend*** | **7** Taalbeheer uitstekend. Woordeskat helder en gesofistikeerd. Lengte perfek. Byna foutloos. | **6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe. Uitdrukkingsvolle woordeskat. Lengte gepas. Netelige taalfoutjies. | 5 Goeie sins-konstruksie. Goeie woordeskat. Lengte gepas. Taalfoute. | **4** Sinskonstruksie redelik. Woordeskat geskik. Lengte kan pla. Taalfoute nogal steurend. | **3** Teenstrydige skryfwerk. Woordeskat voorspelbaar of vol clichés. Lengte pla. Taalfoute pla. | **2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief. Lengtevereiste is geïgnoreer. Taalfoute begin betekenis beïnvloed. | 1 Geheel en al onsinnig. Onverstaanbaar. Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer. Verwronge idioom. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A+** Literêr-akademiese styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed. | 10 | 9½ | 9 | | | | |
| **A** Literêr-akademiese styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed. | 9 | 8½ | 8 | 7½ | | | |
| **B** Beredeneerde styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed. | 8 | 7½ | 7 | 6½ | | | |
| **C** Beredeneerend, maar nie volgehou nie. Register gepas, maar nie deurgaans volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms. | 7 | 6½ | 6 | 5½ | 5 | | |
| **D** Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd. | | 5½ | 5 | 4½ | 4 | 3½ | |
| **E** Beredeneerde styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik. | | 4½ | 4 | 3½ | 3 | 2½ | 2 |
| **F** Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig. | | | 3 | 2½ | 2 | 1½ | 1 |
| **G** Swak; deurmekaar; onleesbaar. Register totaal onvanpas. Geen struktuur of samehang te bespeur nie. | | | 2 | 1½ | 1 | ½ | 0 |

## TRANSAKSIONELE SKRYFWERK NASIENMATRIKS

## TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)

| VLAK EN PUNT | | TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10) |
|---|---|---|
| **Vlak 7+**<br>**Uitmuntend**<br>**9,5–10** | ★ | **Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag.<br>**Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend.<br>Oorspronklike idees en pittige detail is uitstekend geïntegreer. |
| **Vlak 7**<br>**Baie goed**<br>**8–9** | | **Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag.<br>**Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant.<br>Interessante idees en detail dra by tot sukses van skryfstuk. |
| **Vlak 6**<br>**Goed**<br>**7–7,5** | | **Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant en volledig.<br>**Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer.<br>Detail interessant. Diepte kom effens kort. |
| **Vlak 5**<br>**Verdienstelik**<br>**6–6,5** | | **Inhoud** bevredigend volgens opdrag.<br>Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes.<br>Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons. |
| **Vlak 4**<br>**Gangbaar**<br>**5–5,5** | | **Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag.<br>Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie.<br>Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid. |
| **Vlak 3**<br>**Ondergemiddeld**<br>**4–4,5** | ↓ | **Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos.<br>**Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**.<br>Afgesaag. |
| **Vlak 2**<br>**Elementêr**<br>**3–3,5** | | **Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie.<br>**Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen.<br>Kandidaat toon min insig in en kennis van opdragvereistes. |
| **Vlak 1**<br>**Ontoereikend**<br>**0–2,5** | | **Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie.<br>Kandidaat kan nie slaag nie. |

**TRANSAKSIONEEL: STYL, FORMAAT, TAALGEBRUIK, WOORDESKAT en REGISTER (10)**

★ ➡

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Styl uiters gepas, selfs innoverend.<br><br>Formaat absoluut korrek.<br><br>Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies.<br><br>Woordeskat en register uitstekend gekies volgens opdrag. | Styl deurgaans gepas.<br><br>Formaat korrek.<br><br>Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies.<br><br>Woordeskat en register baie goed gekies volgens opdrag. | Styl gepas volgens opdrag.<br><br>Formaat hoofsaaklik korrek.<br><br>Taalkonvensies goed gebruik. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek.<br><br>Register en woordeskat goed hoewel enkele foute voorkom. | Styl toon begrip vir opdrag.<br><br>Formaat meestal korrek.<br><br>Taalkonvensies en sinsbou toon soms foute.<br><br>Register en woordeskat toon foute, maar genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. | Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie.<br><br>Formaat toon steurende leemtes.<br><br>Taal en sinsbou toon lastige foute (begin betekenis beïnvloed).<br><br>Register en woordeskat gewoon en algemeen. Heelwat foute. | Styl en toon dikwels foutief.<br><br>Formaat toon baie foute en/of meestal onvanpas.<br><br>Taal-, spel- en sinsbou swak.<br><br>Register en woordeskat dikwels onvanpas. | Styl en toon onvanpas.<br><br>Formaat onvanpas.<br><br>Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies.<br><br>Ongeslaagd. | Styl en toon het geen verband met inhoud nie.<br><br>Formaat heeltemal foutief.<br><br>Geen begrip van korrekte taal- en/of register-konvensies nie.<br><br>Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie. |
| **VLAK EN PUNT** | **Vlak 7+<br>Uitmuntend<br>9,5–10** | **Vlak 7<br>Baie goed<br>8–9** | **Vlak 6<br>Goed<br>7–7,5** | **Vlak 5<br>Verdienstelik<br>6–6,5** | **Vlak 4<br>Gangbaar<br>5–5,5** | **Vlak 3<br>Ondergemiddeld<br>4–4,5** | **Vlak 2<br>Elementêr<br>3–3,5** | **Vlak 1<br>Ontoereikend<br>0–2,5** |

**Lengte: 250 woorde** (let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**). Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

**TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + styl, formaat, taalgebruik, woordeskat en register = 10)**

IEB Copyright © 2024